# MEDIA VERKLARING

VRYGESTEL OP 21 Oktober 2025

EMBARGO: GEEN

## KLAS VAN 2025 – DIE TYD HET AANGEBREEK

Die SAOU wens die Klas van 2025 alle sukses toe met die NSS-eksamen wat op die 21ste Oktober begin het.

Die Nasionale Senior Sertifikaateksamen is een van die tydsaanduiders in die onderwyssektor, wat die einde van die skooljaar aankondig. Dit is ook 'n aanduider dat die 40 000 nasieners wat getaak is daarmee om die NSS-vraestelle van die 903561 kandidate voor die einde van die jaar in 183 eksamensentrums na te sien, 'n reuse taak in die gesig staar. Dit is veral indrukwekkend as 'n mens in ag neem dat die laaste vraestel eers op 26 November 205 geskryf word.

Hierdie tyd van die jaar dui ook op verhoogde verantwoordelikheid vir skole waar hierdie eksamens afgelê word. Die integriteit van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word jaarliks gemeet aan die kwaliteit van die NSS-eksamen wat afgelê word en die uitslae wat bereik word.

Alle onderwysers in die hele onderwysstelsel, van Graad R tot Graad 12, word aanspreeklik gehou vir hierdie resultate van die NSS-kwalifikasie. Die SAOU salueer elke onderwyser wat in hierdie leerders se lewe 'n inset gelewer het, wat hulle leer lees en skryf het, wat vakinhoud vasgelê het, maar wat ook bygedra het tot die menswees van die Klas van 2025.

Die onus om 'n suksesvolle eksamen te laat plaasvind, berus op die hele stelsel. Die implikasie daarvan is dat voorbereiding, verspreiding van vraestelle, toesighouding en ook die merkprosesse met so min moontlike onderbrekings gepaard moet gaan om aan hierdie leerders 'n regverdige kans te bied.

Hoe lyk die klas van 2025? Hulle is in 2006 en 2007 gebore. Hulle was van die eerste leerders wat toegang tot Graad R-klasse gehad het. 2007 was die jaar waarin die Apple Iphone bekendgestel is. Hierdie leerders was in 2014 in Graad 1. Die KABV-kurrikulum was in al die grade geïmplementeer, wat stabiliteit in die kurrikulum verseker het.

Hierdie leerders was gedurende die Covid-19-periode in Graad 7 of 8 en is ekstensief deur die onderbrekings in onderrig en leer geraak. Die implikasie daarvan was dat hulle nie die hoërskoolperiode en tradisies ervaar het soos hulle voorgangers nie. Dit het baie werk en toewyding geneem om die leeragterstande van hierdie leerders op te vang en hulle voor te berei en 'n gelyke kans te bied om die NSS-eksamen te kan onderneem.

Die NSS-eksamen is die sleutel tot elke leerder se toekoms. Dit is daarom belangrik dat Graad 12-leerders die volgende maand, met toewyding aanpak. Dit is ‘n maand van jou lewe wat jou hele toekoms sal bepaal. Dit is daarom belangrik dat daar ‘n positiewe en ondersteunende omgewing geskep word, waarin leerders optimaal kan leer en rustig en gefokus die vraestelle kan aflê.

Die SAOU noop Graad 12-leerders om met integriteit die eksamen af te lê. Daar is nie kortpaaie nie en jou besluite binne en buite die eksamenlokaal kan jou hele toekoms bepaal. Wees maar op die uitkyk vir “vraestelle” wat versprei word, of notas wat per WhatsApp gestuur word. Soos in enige ander aspek van ons samelewing is daar altyd diegene wat sal poog om jou op die verkeerde pad te lei. Dit is daarom belangrik dat die omgewing rondom hierdie leerders so veilig moontlik gehou word, met so min moontlike onderbrekings.

En... sou daar ‘n vak wees wat uiteindelik te uitdagend is, is daar altyd die aanvullende eksamen in Junie 2026. En sou daar ‘n vak wees wat uiteindelik te uitdagend blyk te wees, is daar altyd die aanvullend eksamen in Junie 2026.

Die SAOU wens elke leerder, ouer en onderwyser net die beste vir hierdie periode toe. Harde werk sal beloon word!